auto & general

motor | huis | besigheid | lewensversekering

# Opknapper met Lisensiebystand

## Bepalings & Voorwaardes




altyd daar altyd ´n plesier

Met Opknapper kan u splinters, klein duikies en ligte skrapies laat regmaak sonder om vanaf u kort-termyn versekeringspolis te eis!

# Wat die Opknapper polis dek

## Splinters, klein duikies en ligte skrapies

- ’n Gesplinterde, ingeduikte of geskraapde area van die voertuig.

### Definisies

**Ligte skraap**

Enige skrape aan die uiterlike panele van u voertuig (dit sluit vensterglas en die sondak uit) waarvan die koste van herstelwerk nie die maksimum vergoedingsbedrag, soos op u skedule aangedui, oorskry nie.

**Splinters**

Enige enkele splinterskade aan die uiterlike panele van u voertuig (dit sluit vensterglas en die sondak uit) waarvan die koste van herstelwerk nie die maksimum vergoedingsbedrag, soos op u skedule aangedui, oorskry nie.

**Klein duike**

Enige klein duikskade aan die uiterlike panele van u voertuig (dit sluit vensterglas en die sondak uit) waarvan die koste van herstelwerk nie die maksimum vergoedingsbedrag, soos op u skedule aangedui, oorskry nie.

# Aanvangsfooi

As hierdie die eerste waardetoegevoegde-polisproduk is wat u deur ons koop sal ’n aanvangsfooi, soos op u skedule aangedui, betaalbaar wees. As dit egter nie u eerste waardetoegevoegde-polisproduk deur ons is nie, hoef u nie ’n aanvangsfooi te betaal nie.

# U verpligtinge

Indien u nie al die volgende verpligtinge nakom nie, mag u dekking gekanselleer word.

U verpligtinge teenoor die onderskrywer is om:

- alle redelike sorg te neem om die voertuig in ’n effektiewe, padwaardige toestand te hou, asook om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref om sodoende verlies of skade te voorkom of te verminder;
- inligting wat korrek en volledig is weer te gee;
- in te stem om aan alle redelike versoeke te voldoen;
- alle redelike sorg te neem en alle voorsorgmaatreëls te tref om verlies, skade, dood, besering of aanspreeklikheid te voorkom of te verminder;
- nie skuld te erken of enige skikkingsaanbiedinge sonder ’n skriftelike ooreenkoms te maak nie;
- ons in kennis te stel as enige polisbesonderhede of -verklarings foutief is of as enige van die besonderhede of verklarings verander;
- ons in kennis te stel as die adres waar die versekerde items gewoonlik gehou word verander; en
- voornemend te wees in verband met enige iets wat u nog nie meegedeel het nie, maar wat moontlik relevant tot die aanvaarding van u polis kan wees, of in verband met enige iets wat verander wat belangrik kan wees vir die voortbestaan van die polis wat aanvaar word.

# Poliswysigings en -kansellasies

Ons kan u polis wysig of kanselleer deur u ’n 30-dae skriftelike kennisgewing te gee. Enige wysigings of kansellasies wat u maak sal effektief wees vanaf die datum soos ooreengekom. Neem asseblief kennis dat as u u polis gedurende ’n versekerde maand kanselleer, sal die premie wat vir die res van die maand betaal is nie aan u terugbetaal word nie.

Indien u u polis of enige deel daarvan kanselleer omdat u ook vir dieselfde item/s by ’n ander versekeraar dekking het, of u voertuig verkoop, gesteel of afgeskryf is, of vir enige ander rede, sal u premie terugbetaling beperk word tot die premies wat betaal is 12 maande voordat u die polis gekanselleer het.

# Betalings

U polis is ’n maandelikse polis en u moet die maandelikse paaiement, soos op u skedule aangedui, vooruit betaal. As ons in die maand wat op u aktivering volg (en verder daarna) nie u premie op die aftrekdatum ontvang nie, sal ons u ’n 15-dae grasietydperk gee waartydens u die premie kan betaal. Indien ons gedurende die grasietydperk nie u premie ontvang nie, sal u nie vir die maand dekking hê nie.

# Premieverpligtinge

U Opknapperpolis bied u maandelikse dekking; ’n maandelikse premie sal vooraf, op die aftrekdatum soos wat dit op u skedule verskyn, afgetrek word. U polis sal op ontvangs van u eerste premie in werking tree.

a. U premieverpligtinge word in u skedule onder “Betalingsbesonderhede” uiteengesit. Hier sal u besonderhede aangaande betaalbare premies, asook inligting aangaande die betaalwyse en die datum waarop betaling verskuldig is, vind.

b. Neem asseblief kennis dat ons ooreengekom het om die premie deur ’n debietorder te verhaal en dat die eerste aftrekking ’n aanvangsfooi en ’n administrasiefooi sal insluit. ’n Aftrekking sal op dieselfde dag van elke maand plaasvind. As enige aftrekdatum waarop ons ooreengekom het oor ’n naweek of openbare vakansiedag val, sal die aftrekking op die laaste dag voor of die eerste dag na die naweek of openbare vakansiedag gemaak word. Indien ons nie u premie op u gewone aftrekdatum ontvang nie sal ons, met die doel om u gedek te hou, poog om op ’n meer gepaste datum u premie vanaf u te verkry. As die premie vir drie opeenvolgende maande nie betaal word nie, sal die polis onmiddellik gekanselleer word.

# Betalingstaking

Wanneer dekking onderbreek word omdat u u bank opdrag gegee het om u debietorder paaiement te staak, sal die polis gekanselleer word.

# Eise Proses

Die volgende eis-omstandighede en tydsbeperkings is van toepassing wanneer u ’n eis teen u Opknapper polis moet indien:

# Wagtydperk

’n Wagperiode is `n voorafbepaalde tydperk waartydens geen dekking aangebied word nie maar premies wel betaalbaar is. Die volgende wagperiode geld vir die Opknapperdekking:

- 90 dae (as u voertuig nie vir inspeksie gegaan het nie).
- Indien ons nie `n maandelike premie van u ontvang nie, sal die bogenoemde wagperiode weer in werking tree.

# Hoe om te eis

Skakel die **Eiselyn** (onder aan hierdie bepalings en voorwaardes) van Maandag tot Vrydag, tussen 8:00 en 17:00.

# Bybetaling

’n Bybetaling sal betaalbaar per eis wees; hierdie bedrag is op u polisskedule aangedui.

# Tydsbeperkings

- U moet ons, binne 30 dae vandat ’n insident plaagevind het, van u eis verwittig.
- Die voertuig moet, binne 60 dae vandat u die eis ingedien het, vir ’n assessering geneem word.
- U het 90 dae, vanaf die datum van goedkeuring van u eis, om u voertuig vir herstelwerk te neem.

# Waarborg

Alle herstelwerk het ’n drie-jaar waarborg.

# Betwiste eise

Nadat ons u in verband met ons besluit rakende u eis ingelig het, sal ons u 90 dae gee om voorleggings oor ons besluit te maak. Indien ons binne hierdie tydsbeperking enige voorleggings ontvang, sal ons besluit hersien word en die uitkoms van die hersiening aan u oorgedra word. Indien, na hersiening, ons besluit om u nie vir u eis of deel daarvan uit te betaal nie en u besluit om ons beslissing uit te daag, moet u regstappe binne ses maande, vanaf die vervaldatum van die 90-dae tydperk waarna hierbo verwys word, neem. Indien u nie die tydbeperking gehoorsaam het nie sal u verhoed word om enige regstappe teen ons te neem.

# Wat die Opknapperpolis nie dek nie

U sal nie vir die volgende vergoed word nie:

- skade wat nie as ’n “ligte skrapie” , ”splinter” of “klein duikie” beskryf kan word nie;
- haelskade;
- skade wat voor die aanvang van die polis aangegaan is (voorafbestaande skade);
- skade aan plakkers en dekals;
- skade aan lyswerk of vormwerk;
- Eise wat dubbeld die maksimum vergoeding, minus die bybetaling, oorskry – beide bedrae word op u polis skedule aangedui, tot die bedrag aangedui op u skedule.
- skade wat toebehore, deur lyswerk, venster lyswerk, enige soort lampe of enige vensterpanele insluit;
- skade as gevolg van roes;
- herstelwerk aan enige paneel of deel van ’n paneel wat geskeur is;
- vervanging van enige paneel of deel van ’n paneel;
- aanspreeklikheid teenoor ander partye;

- gevolglike verlies of skade;
- skade wat deur ’n ongeluk veroorsaak is en deur u kort-termyn versekeringspolis gedek is;
- opeengehoopte skade wat oor ’n tydperk gebeur het en waarvoor u nie, binne 30 dae sedert dit plaasgevind het, ge-eis het nie.

# Lisensiebystand

Lisensiebystand: Ons sal alle aspekte van u voertuiglisensiehernuwing hanteer, insluitende hernuwingvorms en dokumentasie, sodat u u nie oor enigiets hoef te bekommer nie.

## Waarvoor u mag eis

- Die Lisensiebystands-diens word tot voertuiglisensiehernuwings in die Republiek van Suid-Afrika beperk.
- Die Lisensiebystands-diens is beperk tot die voertuig wat onder die Opknapperproduk met die Lisensiebystand-voordeel geregistreer is.
- U lidmaatskap moet ten volle betaal wees ten tye van die voertuiglisensiehernuwing en ooreenstemmende afleweringsfooie.
- U moet ten tye van die voertuiglisensiehernuwing aan die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996), en ander relevante wetgewing, se vereistes en regulasies voldoen.
- Die Lisensiebystands-diens waarborg nie die lisensiedepartement se werkverrigting nie.
- U sal vir die lisensiehernuwingsfooi verantwoordelik gehou word.
- Dienste is onderhewig daaraan dat u ons van die mees onlangste persoonlike en voertuig inligting moet voorsien, nl. voertuig registrasienommer en Suid-Afrikaanse identifiseringsnommer.

## Hoe om te eis

Skakel die **Kliëntedienslyn** (onder aan hiedie bepalings en voorwaardes) van Maandag tot Vrydag, tussen 8:00 en 17:00.

## Wat word nie gedek nie?

Ons sal nie bystand vir die volgende bied nie:

- Hernuwing van onpadwaardige voertuie se lisensies; en
- Hernuwing van lisensies vir voertuie wat nie op die lid se polis aangeteken is nie.

  Die eintlike koste wat met die hernuwing van die lisensie verband hou.

## Q-Less?!

U kwalifiseer nou vir die **Q-Less?!** diens onder u Lisensiebystandsvoordeel. Hierdie diens help met die hernuwing of vervanging van belangrike dokumente na ’n diefstal of verlies. U hoef nie meer tou te staan vir enige dokumente by ’n staatskantoor nie. Q-Less?! sal eenvoudig die staanwerk vir u doen!

Afskrifte van belangrike, persoonlike dokumente, soos hier onder gelys, moet óf per e-pos, óf per direkte, veilige oplaai per die internet, na ’n datakluis vir bewaring en beskikbaarheid, ten tye van ’n noodgeval, ingedien word. Dit word deur ’n veilige, en wagwoord-beskermde webtoegangbare diens bestuur.

- Bestuurderlisensie
- ID-dokument
- Die registrasiebesonderhede van die voertuig
- Paspoort
- Bankbesonderhede wat deur ’n getekende Affidavit ondersteun word en bevestig dat die besonderhede waar is.

Hierdie dokumente sal aan die versekerde beskikbaar gestel word per die webdiens of gedurende ’n noodgeval aan hom/haar gekoerier word om aan die relevante, amptelike departemente of bank op hulle aandring, voor te lê. Dokumente kan ook enige tyd in die datakluis met ’n veilige wagwoord besigtig word.

## Dienslewering

Q-Less?! lidmaatskap bied die versekerde, in die geval van diefstal of verlies van persoonlike dokumente:

- Elektroniese bewaring van belangrike dokumente in ’n datakluis. Om die dokumente na die datakluis te stuur om dit te laai, sal die versekerde afskrifte van dokumente óf direk na die datakluis via die veiligheids-webgebaseerde diens, óf per e-pos moet indien. Dokumente kan dan besigtig word deur ’n veilige wagwoord in die datakluis in te sleutel. Neem asseblief kennis dat geen afdrukke van die keersy van kredietkaarte toegelaat word nie.
- Die Vervangingsdiens sluit opvolg, toustaan by staatskantore, en aflewering van vervangde dokumente aan u per koerier, of direkte aflaai vanaf die datakluis, in.
- Nota: Geen Volmag word vir bank-en kredietkaarte aanvaar nie en die aanvanklike oproep moet deur die versekerde gemaak word. Kaarte moet deur die versekerde afgehaal word en Q-Less?! sal opvolg, om dienslewering te versnel.
- Alle administrasie wat vir die aanbieding van rugsteundokumente aan amptelike departemente/banke verlang word, sal deur Q-Less?! behartig word.

## Hoe kry ek hulp?

- Die versekerde moet Q-Less?! by die aangewese nommer, gedurende werksure, Maandag tot Vrydag, (8:00 tot 17:00) skakel en die besonderhede van sy/haar saak gee.
- Sodra die polishouer/versekerde se lidmaatskap/polis geverifieer is, sal hy/sy ’n saaknommer ontvang en na ’n assesseringsbeampte vir assessering van sy/haar saak, verwys word. Q-Less?! sal al die nodige korrespondensie en prosessering namens die versekerde behartig sodra die persoonlike inligting geverifieer is en die geldigheid daarvan bewys is.
- Q-Less?! behartig alle redelike navrae op aanvraag van verdere besonderhede wat nodig mag wees.
- Q-Less?! help die versekerde met al die nodige administratiewe ondersteuning en dokumentasie voorbereiding vir indiening.
- Q-Less?! sal met die amptelike departemente en/of polisiestasies opvolg om die status ten opsigte van die prosessering van hierdie dokumente te kan spoor.
- Diens wat gelewer word sal net so omvattend wees soos die dokumente, wat gedurende die tyd, toe die lidmaatskap geaktiveer was, ingedien is.

# Wie kwalifiseer vir Q-Less?!

’n Geldige versekerde/polishouer, en enige addisionele familielede, mits hulle die hoof polishouer se versekeringsbesonderhede het en hulle dokumente deur die hoof polishouer/versekerde, voor dit ’n noodgeval situasie geword het, ingedien is.

Wat is die beperkings van die diens?

- Q-Less?! sal slegs van hulp kan wees met grondige dokumentasie en bewys van ID, indien beskikbaar, en sodra bevestiging gekry is dat die versekerde se besonderhede geldig is.
- Bystand wat verleen word sal slegs so effektief wees soos die inligting wat gedurende die eerste maand van die aanvang van lidmaatskap, verskaf is.
- Q-Less?! mag moontlik nie in staat wees om die dokument van die onderskeie bank of outoriteit, namens die versekerde te vorder nie, afhangende van die vereistes van die spesifieke inrigting.

Geen diens sal verskaf word nie, indien:

- die insident nie binne 5 (vyf) werksdae vanaf die gebeurtenis  aan ons gerapporteer is nie;
- die polishouer/versekerde en/of familielede  direk deur ’n eksterne party genader word en daar kostes aangegaan word, sonder enige geskrewe toestemming van Q-Less?!, Die kostes sal nie gedek wees nie;
- die versekerde en/of familielede eksterne tweede opinies en kostes aangaan. Hulle is geregtig op ’n tweede opinie, maar die koste hiervan sal nie deur Q-Less?! gedelg word nie, tensy voorafgoedkeuring op skrif gegee is; en
- die polishouer/versekerde nie ten tye van die insident aan alle wettige en statutêre vereistes van die Departement van Binnelandse Sake voldoen nie. Geen Volmag vir bank- en kredietkaarte word aanvaar nie en die oorspronklike oproep moet deur die polishouer/versekerde gemaak word. Kaarte sal deur die bank afgelewer word, maar ’n opvolg kan nog steeds deur Q-Less?! gedoen word en ander sulke relevante wetgewing.

21/11/17



Auto & General Versekeringsmaatskappy Bpk  is 'n gemagtigdefinansiële-diensverskaffer (FSP-lisensienommer: 16354).